# OGGEND-BYBELSTUDIE

# "GEBED"

## STUDIESTUK 6

## "SOOS JESUS ONS LEER BID HET . . ."

Vooraf opmerkings:

- Hou altyd die volgende in gedagte:

  "Daar is IEMAND wat weet wat jy nodig het nog voordat jy hoef te vra!"

- "Dit is onmoontlik om die Ons Vader-gebed na te bid
  terwyl jy jou volle aandag op elke woord daarvan rig,
  sonder dat daar 'n verandering,
  miskien onopmerkbaar klein
  maar tog onmiskenbaar
  in jou plaasvind."

- Jesus het dit nodig gevind om dikwels te bid - kan dit dan vir óns anders wees? (Matteus 14:23)

- Helmut Thielicke het by geleentheid gesê:

  "So wyd is die trefkrag van Jesus se modelgebed vir sy dissipels dat ons dit kan noem:

  Die gebed wat die wêreld omspan."

Oordink die volgende en maak aantekeninge:

- Let op Matteus 6:9a:
  "Ons Vader wat in die hemel is . . . ."

- Dink na oor die volgende aanname en lewer kortliks kommentaar:
  "Wie hemelloos en Vaderloos is, is die eensaamste van alle mense."

- Kyk na Sondag 46 van die Heidelbergse Kategismus en maak nota's van wat antwoord 120 en 121 vir jou beteken.

- Lees Lukas 11:11-13.
  Wat leer die vertelling van die vaderskap van God?

- Die *Aramese* woord wat Jesus gewoonlik gebruik het as Hy met God praat, is *Abba* wat in Afrikaans eintlik "pappa" beteken. Een van die eerste woordjies wat 'n Joodse kindjie daardie tyd geleer het.
  Wat beteken dit vir jou persoonlik?

- Wat dink jy is die verband tussen Hebreërs 12:29 en die vaderskap van God?

- Lees Jesaja 66:1. Wat dink jy word met "hemel" in die aanhef van die modelgebed bedoel?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

- En wat beteken Johannes 14:2 vir jou?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

- Lees Jeremia 23:23 en 24.
  Wat leer die verse?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________